"Dit is Volbring"

Die boodskap van verandering deur Jesus se woorde en dade

Die simboliese boodskap van die skeuring van die Voorhangsel in die tempel

> *"Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was—sodat die Skrif vervul sou word—het Jesus gesê: Ek het dors! En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring. En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee"* (**Joh. 19:28-30).**
>
> "*Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee. En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder...*" **(Matt. 27:50).**

In die Skrif maak God gebruik van fisiese demonstrasies om geestelike realiteite te illustreer. So verwys Paulus byvoorbeeld na die water uit die rots in Exodus 17 en verduidelik dat daardie Rots Christus simboliseer. Wanneer Jesus met Nicodemus oor wedergeboorte praat verwys Hy na die voorbeeld van die koperslang wat Moses in die wildernis op 'n paal moes ophang sodat almal wat daarna kyk van die giftige slangbyte genees kon word **(Joh.3:14, Num.21:9**). Om die belangrike verandering van Ou Verbond na die Nuwe Testament te illustreer beskik God dit so dat die voorhangsel wat verhoed het dat gewone mense die heiligdom in die tempel kon betree, van bo na onder middeldeur skeur (**Matt. 27:50**). Dit het gebeur op die oomblik toe Jesus Sy laaste asem uitblaas en uitroep *"Dit is volbring*." Met Sy sterwe het die Nuwe Testament van krag geword, want **Hebreërs 9:15-17** verklaar dat 'n testament eers van krag word met die dood van die testateur. Die skeuring van die Voorhangsel was dus 'n simboliese illustrasie van die oorgang vanaf die Ou Testamentiese sisteem na die nuwe bedeling van die Nuwe Testament.

Deur wat Jesus gesê en gedoen het het Hy aanduiding gegee van Sy voorneme dat Hy gekom het **om verandering** in die ou godsdiensstelsel van die Jode te bring. Daar word gesê dat eerste indrukke blywend is. Was dit Jesus se bedoeling met Sy eerste publieke wonderwerk? Wou Hy Sy missie waarvoor Hy aarde toe gekom het met dié wonderwerk simbolies beklemtoon? Op 'n bruilof in Kana verander Hy ses klipkanne met Joodse reinigingingswater in wyn. 6 word gewoonlik in die Skrif simbolies beskou as die mag of die invloed van die mens. Die ses klipkanne met rituele reininigswater wat die rigiede, formele Joodse godsdiensstelsel verteenwoordig, verander Hy in wyn wat die bloed van die Nuwe Testament verteenwoordig (**Matt.26:26-28).** Jesus het later na die negatiewe invloed van die oorgelewerde tradisies wat deur die klipkanne met rituele reinigingawater verteenwoordig word, verwys en verklaar dat dít die Woord van God kragteloos maak (**Matt.15:6**).
Dit is belangrik om te let dat die Griekse woord wat Jesus hier gebruik, as testament verstaan moet word – *diathéké* verwys na 'n dokument wat deur 'n persoon opgestel word om sy wil na sy dood bekend te maak. As ons toelaat dat Skrif Skrif verduidelik sien ons dat na aanleiding van **Hebreërs 9:15-16** waar dieselfde Griekse woord gebruik word, dit verwys na 'n testament wat na die dood van die testateur in werking treë:

> *"En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament (diathéké)... Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;* (**Heb. 9:15-16).**

Teen hierdie agtergrond kry dit wat Jesus met Sy eerste wonderwerk doen, betekenis – deur ritualistiese reiningswater in wyn te verander demonstreer Hy wat Hy van voorneme was om te doen – Hy wil die rigiede stelsel van die Ou Verbond verander in die blydskap en vryheid van die Nuwe Testament.

(As 'n mens wonder hoekom soveel wyn gemaak is, ses kanne vol wat elkeen ongeveer 100 liter bevat, moet 'n mens in ag neem dat volgens 'n algemene gebruik die bruid en bruidegom gewoonlik na die huwelikseremonie, tot sewe dae lank saam met familie en vriende fees vier.)

Die les van verandering deur die gelykenis van die ou en nuwe leersakke

> *" 'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke nie; anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en altwee bly behoue"* **(Matt. 9:17).**

In die konteks van die skrifgedeelte word dit duidelik dat Jesus hier verduidelik dat die beginsels van die nuwe bedeling wat Hy inlei, nie in die ou bedeling van die Ou Testamentiese godsdiensstelsel in pas nie. Die les van hierdie gelykenis word ervaar waar daar ernstig gepoog word om Nuwe Testamentiese beginsel in 'n ou institusionele godsdiensstelsel in te bring! Die prys van verandering om toegewings te maak vir Nuwe Testamentiese beginsels is dikwels net te hoog!

Jesus se gelykenis om die verskil aan te dui tussen rigiede, uiterlike wetsonderhouding en die uitleef van die Nuwe Testamentiese wet van Liefde – Die Barmhartige Samaritaan

> *"'n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê. En bygeval het 'n priester met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby. En net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan. Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg" (Luk.10:30-34).*

Dit is nie verniet dat in hierdie gelykenis spesifiek 'n Leviet en 'n priester genoem word nie. Gewoonlik as hierdie gelykenis gelees word, word die priester en die Leviet in 'n negatiewe lig as gevoelloos beskou omdat hulle albei aan die anderkant van die gewonde man wat in die veld gelê het, verbygegaan het. Wat nie in ag geneem word nie is dat die priester en die Leviet opgelei was in die vereistes van die wet en dus bewus moes gewees het van die bepalings wat in **Num.19:16:**

> *"En elkeen wat in die oop veld aan iemand raak wat deur die swaard verslaan is, of*

aan 'n dooie of aan 'n mens se doodsbeen of aan 'n graf, sal sewe dae lank onrein wees" **(Num. 19:16).**

Hulle was dus goeie, getroue Ou Testamentiese wetsgehoorsame burgers. Deur hierdie gelykenis illustreer Jesus die geneigdheid dat 'n rigiede wettiese godsdienssisteem dikwels lei tot 'n genadelose gesindheid. Die gesindheid wat veroorsaak word deur die uiterlike gehoorsaamheid aan die wet wat geopenbaar word deur die Leviet en die priester se gedrag teenoor die gewonde van word gekontrasteer met die simpatieke gedrag van die barmhartige Samaritaan wat deur die Jode as onrein beskou is.
Is daar miskien betekenis in die feit dat die olie en die wyn wat die Samaritaan gebruik het om die wonde van die gewonde man mee te behandel, simbolies na die genesende invloed van Nuwe Testamentiese waarheid kan verwys? (Wyn word simbolies met die instelling van die Nuwe Testament geassosieer en olie verteenwoordig gewoonlik die Heilige Gees en genesing – **Matt.26:27-29, Jak.5:14)**
Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan beklemtoon die kontras tussen rigiede uiterlike wetsonderhouding en die gesindheid van die genadebedeling en die innerlike wet van liefde.

Voorbeelde van Jesus se verbreking van sekere Ou Testamentiese wette en tradisies – aanduidings van voorneme van instelling van nuwe bedeling (Heb.7:12)

Een van die redes hoekom die Joodse godsdiensleiers Jesus uit die pad wou hê was omdat hulle hom as 'n wetsoortreder beskou het.
Jesus verbreek Ou Testamentiese voedselwette:
Hy ignoreer byvoorbeeld Ou Testamentiese voedselwette deur te verduidelik dat niks wat van buite af in die mens ingaan, hom onrein kan maak nie. In teenstelling met wat die wet sê verklaar Jesus alle kosse rein **(Lev.11, Mark.7:14-23).**
Jesus raak lyke en onreines aan:
Ten spyte van die bepalings in die wet wat verbied dat daar aan 'n lyk en aan 'n onreine geraak word (**Lev.22:4)** raak Hy die dooie seun van die weduwee van Naïn aan en genees Hy melaatses deur aanraking **(Luk.7:11-14, Matt.8:2-3).**
Simboliese verwysing na die drink van bloed
Jesus skok die godsdienstige Jode deur, ten spyte van hulle streng gesindheid ten opsigte van die drink van bloed (**Lev.17:14**) stel Hy die simboliese drink van Sy bloed en die eet van Sy liggaam as 'n vereiste om die ewige lewe te verkry **(Joh.6:53)**.
Genesing van siekes op die Sabbat Om die Jode nog verder om te krap genees Jesus op verskeie kere siekes op die Sabbat (**Luk.13:10-17,Mark.3:1-6, Joh.5:1-18**) Jesus, Heer van die Sabbat – **Mark.2:28).**
Ontheilig die tempel deur mense met 'n sweep daar uit te jaag! (**Matt.21:12-13)**
Ignoreer priesters en offers en vergewe sondes
Jesus tree radikaal op deur, sonder om priesters en voorgeskrewe offers te offer, sonde te vergewe! **(Matt.9:2).**
Assosieer met vrouens, uitgeworpenes, sondaars en met onreines
Teenstrydig met Joodse tradisies assosieer Jesus met vrouens **(Joh.4)** uitgeworpenes en onreines **(Matt.11:19).**
Jesus en Sy dissipels eet sonder om hulle hande ritueelisties te was (Mark.7:2).

In die briewe aan die kerk brei die apostels verder op hierdie onderwerp uit:

Joodse feeste, sabbatte en mane het nie meer betrekking op die kerk nie:

*"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot '**n fees of nuwemaan of sabbat nie,** wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus. Laat niemand julle van jul prys beroof nie..."* **(Kol. 2:16-17).**

Kyk ons na die geskiedenis van die kerk dan sien ons hoe deur ignorering van die gesag van die Nuwe Testament ten opsigte van feeste, mane en sabbatte, gelowiges al van hulle vryheid in Christus beroof is.
Onlangs is baie mense op hol gejaag deur sogenaamde openbaringe dat die wegraping op **23 September, 2025** sou plaasvind. Die datums het gekom en gegaan en niks het gebeur nie! Waarop is die sogenaamde openbaringe gebaseer? Trompette wat die Joodse fees van Ros Hashanah September aankondig is glo gehoor en dit sou beteken dat die wegraping sou plaasvind; dit tenspyte van dat feit dat die Nuwe Testament ons waarsku teen die in agneming van feeste, nuwe mane en sabbatte! **(Kol.2:16-17).**
Ten spyte van hierdie waarskuwings het sekere mense September 2014-2015 veel ophef gemaak van die bloedmaneveskynsel wat op sekere tye in die hemelruim plaasvind. In Bloemfontein was daar groot plakate met grafiese illustrasies wat gewaarsku het dat die wegraping gaan plaasvind!
In 2017 het sekere sterrekykers weer groot ophef gemaak van die feit dat sekere sterformasies 'n vervulling was van Openbaring 12:1-2!
As daar na die geskiedenis van die kerk gekyk word sal gesien word dat mense al vir eeue besig was met datumbepalings van die wederkoms.

"…Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filipense 2:12-13, 1933/1957 Vertaling).

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com